



FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Kontakbesonderhede: nuusbrieft@framesby.co.za

Uitgawe 135: 20 Oktober 2017

STERKTE MET DIE EKSAMEN!

Die einde het toe aangebreek vir al ons senior leerders en hef aan lê nou voor! Dis die laaste trek en geen leerder kan bekostig om hierdie eksamen ligtelik op te neem nie. Nie net is die eksamen bepalend om te slaag nie, maar vir ons matrieks is hul uitslag bepalend of hulle sal kan studeer of nie. Vir die Graad 11's is die eindeksamen-punte deurslaggewend vir hul aansoeke vir tersiêre studie volgende jaar.

Baie sterkte aan al ons leerders. Byt vas en doen net jou bes! Ons wens ook al ons ouers baie sterkte toe met die spanningsvolle tydjie wat voorlê. Daar is geen twyfel nie dat u u kind sal toevou met ondersteuning en liefde. Baie dankie daarvoor! En bo alles, kom ons bid vir ons kinders. Kom ons vertrou dat ons Hemelse Vader ons almal deur hierdie tyd sal dra. Sterkte!

TWEE OUD-LEERDERS TRAGIES OORLEDE

Dis met groot leedwese dat ons die afgelope week moes verneem van die afsterwe van twee oud-leerders, en ons betuig graag hiermee ons innige simpatie met beide hierdie dames se naasbestandes. Mag hulle werklik in hierdie beproewende tyd groot Vertrouwing ervaar.

Verlede Vrydag is Andria Truter, wat verlede jaar hier gematrikuleer het, tragies oorlede in 'n motorongeluk. Ons onthou Andria as iemand vol lewenslus wat groot drome vir haar toekoms gedroom het, en wat die onderwys as loopbaan gekies het. Dat sy op so 'n jong ouderdom van ons weggeneem is, sal ons nooit verstaan nie, maar as gelowiges verheug ons ons daarin dat ons Hemelse Vader die Groot Vertrouster is, en dat Sy genade vir ons wat agterbly, onbeskryflik groot is.

Die hoofmeisie van 1974, Lettie Visser, later Van der Merwe, het Sondag tragies in Duitsland gesterf. Sy was die slagoffer van 'n fratsongeluk by hul huis in Heidelberg, Duitsland. Sy word met groot heimweë onthou deur haar klasmaats as 'n bondel liefde, iemand wat 'n groot leemte in almal om haar se lewe sal laat. Ons harte gaan uit na die twee families.



ONTHOU!!!

**ALGEMENE
OUERVERGADERING**

BEGROTING 2018

**16 NOVEMBER 2017 in
die Skoolsaal**

**(Verlede week verkeerd
aangedui as 23 November)**

VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Saterdag

Megan Kruger 8A

Sondag

Marco-Nathan Nel 12C

Ruan Olivier 8A

Jana Scholtz 12E

Marisa Smith 10A

Suzaan van Zyl 12C

Maandag

Dominique Chambers 9F

Waldo Kilian 12C

Brandin Palm 10B

Mia Vlooh 9C

Dinsdag

Geen

Woensdag

Kyle Mackay 11A

Monique Nel 11E

Clarissa v d Westhuizen 12G

Marius van Staden 11C

Donderdag

Liska Bosch 10C

IIne Janse van Rensburg 11E

Marli Lategan 9A

Jean-Mari Mulder 9A

Vrydag

Gareth-John Benecke 8D

Clarise Deyzel 10D

Shakeel Rusher 11F

FRAMESBY IS TROTS OP ...

FRAMESBY-ATLETE MAAK WEER EENS HUL MERK!

Terwyl die meeste Framesby-leerders verlede Saterdag nog rustig geslaap het, het 'n groep van 50 atlete reeds 4 uur die oggend op 'n bus geklim en na Cradock gereis om daar aan die jaarlikse Cradock-Top Tienbyeenkoms deel te neem. Altesaam 83 spanne van verskeie skole het deelgeneem.

Die kompetisie by hierdie byeenkoms is altyd baie sterk en vanjaar was geen uitsondering nie. Nie net was al die sterkste skole uit die Oos-Kaap teenwoordig nie, maar verskeie sterk Kaapse skole soos Paarl Boishaa, Paarl Gimnasium en La Rochelle het die lang pad aangedurf om deel te neem. Uiteraard was van die beste atlete in die land teenwoordig. Ondanks die sterk kompetisie het ons atlete uitstekend gevaar en 8ste geëindig. Verder het ons altesaam 29 medaljes verower.

Die kompetisie geskied aan die hand van puntetabelle waar 'n punt uit 1000 aan elke prestasie toegeken word. Ongelukkig is dit baie moeilik om goeie punte in die middelafstande te behaal, terwyl die tabelle vir ander items weer baie toegeeflik blyk te wees. Ons middelafstandatlete het uitstekend presteer maar moes met minder goeie punte tevrede wees. Nogtans is ons baie tevrede en trots op ons atlete! Die atlete wat baie goeie punte behaal het, is Juanita van Tonder, wat in die gewigstoot vir dogters O/15 met haar 12,14m 'n puntetotaal van 897 punte behaal het, Tiaan Erskine, met 896 punte in die seuns O/15-hamergooi en Carmen McLeod, wat 853 punte behaal het met haar 10,76m in die gewigstoot vir dogters O/14. Bjorn Ferreira het uitstekend gehardloop en 'n skitterende tyd van 1:55 in die 800m gehardloop. Baie geluk met uitstekende prestasies. Framesby is voorwaar 'n gerekende atletiekskool!

ONS RUGBYSpan GAAN WEER JAPAN TOE!

Sowat 'n week gelede het ons finale bevestiging gekry dat die Suid-Afrikaanse Rugby-unie besluit het dat Framesby vir die tweede agtereenvolgende jaar genomineer is om Suid-Afrika te verteenwoordig in die Sanix World Youth Rugby Tournament wat volgende jaar einde April tot vroeg Mei in Japan plaasvind. Dis 'n ongelooflike prestasie dat Framesby toevertrou word met hierdie yslike verantwoordelikheid, en die verwagting is sekerlik ook dat die 2018-span sal verbeter op die vertoning van die 2017-groep.

Uiteraard kan baie dinge heelwat makliker geskied as verlede jaar. Baie goeie ondervinding is opgedoen met ons vorige besoek, en heelwat van die onsekerhede wat toe ervaar is, behoort nie weer slapelose nagte tot gevolg te hê nie. Tog is dit 'n reuse-uitdaging om die finansiële verpligtinge wat hierdie onderneming tot gevolg het, na te kom, en daar sal weer baie hard gewerk moet word om al die gate toe te stop. Gelukkig is 'n groot klompie spelers wat die 2017-toernooi bygewoon het steeds beskikbaar en sal hulle heelwat selfvertroue kan put uit die ondervinding wat hulle opgedoen het.

Dit sal beslis die laaste keer vir 'n lang tyd wees wat Framesby hierdie geleentheid sal hê om op internasionale vlak mee te ding, en daar is geen twyfel nie dat die groep wat die toer gaan meemaak BAIE gefokus sal moet wees. Tog moet ons baie krediet gee aan almal wat oor die jare baie opgeoffer het om ons rugby te bring tot waar ons vandag nasionaal erken word as 'n krag om mee rekening te hou. Die hele Framesby-gemeenskap kan met reg BAIE trots wees dat ons skool, en spesifiek ons rugby, hierdie erkenning geniet. Juis daarom is die verantwoordelikheid om ons heel beste te gee soveel groter! Baie geluk Framesby-rugby!

PROGRAM VIR DIE WEEK 21 TOT 27 OKTOBER

Saterdag 21 Oktober	Sondag 22 Oktober	Maandag 23 Oktober	Dinsdag 24 Oktober	Woensdag 25 Oktober	Donderdag 26 Oktober	Vrydag 27 Oktober
Krieket vs Pearson		Dag 6 Gr. 10 & 11 Eksamen	Dag 7 Eksamen Gr. 10-12 Beheerliggaam: GTT-komitee	Dag 8 Eksamen Gr. 10-12	Dag 9 Eksamen Gr. 10-12 Beheerliggaam Finansies	Dag 10 Eksamen Gr. 10-12

FRAMESBY BLY AAN DIE GANG!

BELANGRIKE KENNISGEWING RAKENDE FINANSIES

Framesby is reeds 'n geruime tyd 'n kliënt van Eerste Nasionale Bank, en het nie meer 'n skoolfondsrekening by ABSA nie. Ons stel hiermee alle ouers DRINGEND in kennis dat GEEN verdere betalings, hetsy Skoolfonds, Sport of enige ander betalings, meer by ABSA BANK betaal mag word word nie. Hierdie rekening word gesluit.

Alle inbetalings moet voortaan by Eerste Nasionale Bank (ENB) gedoen word.

Die bankbesonderhede is as volg:

Bank: Eerste Nasionale Bank
Rekeninghouer: Hoërskool Framesby
Rekeningnommer: 62576528859
Verwysing: Slegs u kind se naam en Toelatingsnommer. Bv. Jannie 0007
Let asseblief op dat elke leerder sy/haar eie spesifieke toelatingsnommer het.

Belangrik: As u twee kinders het, moet beide se nommers as verwysing gebruik word.
Bv: Jannie 0007 Pietie 9999

Die gebruik van hierdie nommer is uiters belangrik. Indien u nie die Toelatingsnommer tot u beskikking het nie, moet u asseblief Mev Victor by (041) 360 1257 skakel om dit te kry.

Vir enige ander betalings sal u van die spesifieke toer/projek se verwysingsnommer voorsien word. Dan gebruik u net die leerder se naam en die spesifieke toer/projek se nommer. Bv. Jannie 0575/003.

Ons vertrou dat u ons sal ondersteun deur voortaan alle betalings in ons ENB-rekening te doen. Baie dankie vir u begrip en ondersteuning!

GRAAD 10 TOT 12 EKSAMEN HIERDIE WEEK

Ons het verlede Vrydag afskeid geneem van die Graad 12's, en vandag was die laaste onderrigdag vir ons Graad 10 en 11 leerders. Vanaf Maandag begin die eksamen vir al ons senior leerders en die rooster vir hierdie week lyk as volg:

	GRAAD 10		GRAAD 11		GRAAD 12	
	09:00	14:00	09:00	14:00	09:00	14:00
Ma 23/10	CAT V1 (3h)		LO (1½h)			
Di 24/10	IT V1 (3h)		CAT V1 (3h)		Eng P1 (2h)	
Wo 25/10	Afr V1 (2h)		IT V1 (3h)	Besigheidst; (3h)	Rek (3h)	
Do 26/10	Eng P3 (2h)		Eng. P3 (2½h)		Toer (3h)	
Vr 27/10	Afr V3 (2½h)		Geo V1 (3h)	Geo V2 (1½h)	Wisk/WG 1 (3h)	

Dis baie belangrik dat alle Graad 10 en 11-leerders wat op 'n bepaalde dag tydens die oggendsessie skryf, om 07:40 by die aantreepunte sal aanmeld sodat alle administrasie rakende die eksamen afgehandel kan word. Die leerders sal dan 'n pouse ontvang voordat hulle om 08:40 by die eksamenlokaal moet aanmeld vir die skryfessie. Die leerders kan huistoe gaan wanneer die skryftyd verby is. Vir die middagsessies moet almal wat skryf, om 13:30 by die eksamenlokaal aanmeld.

Die Graad 10's meld in die vierkant by die Mediasentrum aan en die Graad 11's in die area tussen die Saal en die IGO-blok. Die CAT en IT-prakties (V1) word in die CAT- en IT-klasse afgeleë.

IETS VIR DIE SIEL EN ALGEMEEN

DIE WISSELWERKING

Daar is 'n innige wisselwerking tussen 'n mens se geloof en jou gewete. Daarom lees ons in 1 Timoteus 1:19 die vermaning wat aan die jong Timoteus gerig word om aan die geloof vas te hou en 'n goeie gewete te behou, met die verduidelikende opmerking daarby: "Omdat sommige hulle gewete onderdruk het, het hulle geloof skipbreuk gely." Geloof en moraal is op die allernouste manier aan mekaar verbonde. Die egte geloof in God bring met innerlike noodwendigheid 'n lewenswandel mee wat in ooreenstemming met die wet van God is. Die verlorenheid van die mens bestaan nie net in sy vervreemding van God self nie, maar ook in sy opstand teen die wil en wet van God. Goddeloosheid is tegelykertyd 'n religieuse en 'n morele werklikheid.

Daarom het die boodskap van bekering altyd 'n dubbele betekenis as toekeer tot God en afkeer van die kwaad. Gemeenskap met God en gemeenskap met die kwaad sluit mekaar uit. Die oproep tot bekering doen 'n beroep op ons gewete. Dit maak ons skuldbesef wakker. Dit roep ons weg van die sonde en ons slegte gewete na die vergiffenis en 'n nuwe lewe in gehoorsaamheid aan God. Slegs in die gemeenskap met God is daar die moontlikheid van 'n goeie gewete. Ons gewete kan slegs goed wees, as die sonde van die verlede vergewe is en as ons in gemeenskap met God in die lig lewe soos Jesus in die lig is. Dan reinig die bloed van Christus ons voortdurend van elke sonde en hoef ons gewete ons nie meer te beskuldig nie (1 Johannes 1:7). Die probleem is egter dat ons daarin kan slaag om skeiding te maak tussen geloof en gewete. Dit gebeur wanneer 'n mens wel wil vashou aan God se genade en aan die beloftes van die evangelie, maar terselfdertyd tog nie so in gemeenskap met Jesus lewe, dat jou hele lewe in die lig is soos Hy in die lig is nie. Dan word jou gewete nie voortdurend gereinig van wat verkeerd is nie. Die gevoeligheid vir die sonde stomp af. Die gewete word onderdruk. Hy is dan nie meer 'n getroue waghond wat waarsku teen die kwaad nie. Hy word selektief. Oor bepaalde dinge waarsku hy, maar oor ander swyg hy. En 'n swygende gewete is nog iets anders as 'n goeie gewete. So kan mense vroom praat en bid en sing, terwyl hulle in hulle alledaagse lewe op ekonomiese, politieke of seksuele terrein dikwels moreel ongevoelig is. Hulle wil aan die geloof vashou, maar het hulle goeie gewete prysgegee. Die Bybel sê: dit kan nie. Daar is 'n wisselwerking tussen die twee. As jy jou goeie gewete prysgee, sal jou geloof skipbreuk ly. Niemand kan God en Mammon dien nie. Niemand kan in die duisternis wandel en tog aandeel aan die lig hê nie. Net wie voortdurend in die gemeenskap van Christus bly, kan 'n goeie gewete behou, omdat die bloed en die Gees hom van oomblik tot oomblik reinig.

Uit *Die Burger*, 27 Januarie 1990

ATLETE IN AKSIE



Jason Crouse durf groot hoogtes aan!



Bjorn Ferreira, ons ysteratleet, op volle vaart